

# ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

---

## BELASTING EN ERFOPVOLGING

Wanneer bates van eienaar verwissel wil die Ontvanger gewoonlik ook sy deel hê. Belasting is gevolglik 'n belangrike aspek by erfopvolging omdat bates uiteraard van eienaar gaan verander. Ongelukkig is verskeie belastingvorme by erfopvolging van toepassing en nie net 'n enkele een nie. Bykans al die belastingvorme moet dus by erfopvolging in berekening gebring word.

Die volgende belastingvorme het 'n invloed op erfopvolging:

- BTW;
- Inkomstebelasting;
- Kapitaalwinstbelasting;
- Boedelbelasting; en
- Skenkingsbelasting.

Aangesien BTW op verskeie maniere 'n invloed by erfopvolging kan speel, sal hierdie belastingvorm in die volgende artikel bespreek word. Die ander belastingvorme sal kortliks in hierdie artikel aandag geniet.

### **Inkomstebelasting**

Enige persoon of onderneming is belastingpligtig ten opsigte van inkomstebelasting tot op die persoon se sterfdag of totdat die onderneming beëindig word. Gevolglik sal inkomstebelasting altyd by erfopvolging in gedagte gehou moet word. Afhangende van die verskuiwing van inkomste tussen die pa en die seun kan dit wel beteken dat die een mettertyd dalk minder belasting gaan betaal terwyl die ander een weer mettertyd meer belasting gaan betaal.

Natuurlike persone ouer as 65 jaar geniet wel sekere belastingvoordele soos 'n verdere ouderdomskorting, 'n groter bedrag rente wat van inkomstebelasting vrygestel is en ook die feit dat die volle bedrag van medies aftrekbaar is. Verder betaal beslote korporasies en maatskappye weer teen 'n vaste koers inkomstebelasting wat soms minder as 'n individu se hoogste belastingkoers kan wees. Daar teenoor betaal trusts weer teen 'n hoër skaal inkomstebelasting. Die tipe ondernemingsvorm en die ouderdom van die betrokke persone kan by erfopvolging dus tot voordeel van inkomstebelasting aangewend word.

Daar is sekere bepalinge van die Inkomstebelastingwet wat slegs op boerderye van toepassing is. By erfopvolging, veral by afsterwe, word 'n paar van hierdie toegewings omgedraai en kan dit 'n wesentlike inkomstebelastingnadeel tot gevolg hê.

'n Boer kan waardevermindering, ook genoem slytasie, ten opsigte van roerende bates oor drie jaar teen 50/30/20% kan aftrek. 'n Verhaling van uitgawes vind egter plaas wanneer 'n boer hierdie bates,

waarvoor hy slytasie as uitgawe afgetrek het, verkoop. Vir die doeleindes van erfopvolging word die oordra van bates as verkope hanteer en sal so 'n oordrag ook aan 'n verhaling onderhewig wees.

Dit is ook bekend dat boere standaardwaardes vir vee kan gebruik wanneer die eind- en beginvoorraad van 'n boer se vee bepaal word. Wanneer hierdie vee egter na die volgende geslag oorgedra word, moet dit teen markwaarde gedoen word wat dan 'n belasbare inkomste vir die boer gaan skep. Dit sal wel 'n belastingaftrekking vir die erfopvolger tot gevolg hê.

Die oordrag van roerende bates en vee skep 'n nadelige belastingsituasie vir die boer hoewel dit 'n belastingvoordeel vir die erfopvolger kan skep. Die erfopvolgingsplan moet hierdie aspekte dus in berekening bring.

### **Kapitaalwinsbelasting**

Die oordrag van vaste eiendom het nie 'n inkomstebelastingimplikasie vir die boer nie maar met die instelling van kapitaalwinsbelasting is die oordrag van sulke bates wel aan 'n ander belastingvorm onderhewig. 'n Kapitale wins of verlies is die verskil tussen die aankoopwaarde van 'n bate en die bedrag wat dit realiseer wanneer die bate verkoop word. "Verkoop" van 'n bate ontstaan ook wanneer 'n bate geskrap, geruil, vernietig of geskenk word. Dit beteken dat boedels ook binne die net van kapitaalwinsbelasting val.

Net soos in die geval van gewone oordragte, word dit geag dat die bate vanaf die bestorwene na sy boedel teen markwaarde "verkoop" word. Enige verskil tussen die aankoopwaarde en die huidige markwaarde sal dus as 'n kapitaalwins of -verlies beskou word.

### **Boedelbelasting**

Die formule vir die berekening van boedelbelasting is soos volg:

WAARDE VAN BRUTO BOEDEL  
- TOELAATBARE AFTREKKINGS  
= NETTO BOEDEL  
- PRIMêRE BOEDELKORTING  
= BELASBARE BEDRAG  
x 15%  
= BOEDELBELASTING BETAALBAAR

Die volgende word as toelaatbare aftrekkings beskou:

- Beredderingskoste: hoofsaaklik die eksekuteursfooie normaalweg bereken teen 1.5 tot 3.5% van die bruto boedel.
- Ander uitgawes: anders as beredderinguitgawes soos koste van waardasies, begravniskoste en inkomstebelasting.
- Laste: alle uitstaande skuld wat die afgestorwene gehad het.
- Skenkings: bemakings aan die Staat, kerke en liefdadigheidsorganisasies is aftrekbaar van die bruto boedel.
- Beperkte regte: in die vorm van vruggebruik.
- Verbeterings: die bedrag wat die erfgenaam reeds op die eiendom in terme van verbeterings gespandeer het.
- Aanwas: die bedrag wat 'n oorlewende gade ten opsigte van aanwas kan vorder.

- Eiendom wat die oorlewende gade toeval.

Boedelbelasting word teen 'n vaste koers van 15% op die belasbare bedrag gehef.

### **Skenkingsbelasting**

Belasting op geskenke is betaalbaar teen 'n vaste koers van 15% op die waarde van alle skenkings. Natuurlike persone kan skenkings vry van skenkingsbelasting tot 'n bedrag van R30,000 per jaar maak. In die geval van ander persone (trusts, maatskappye en beslote korporasies) is die vrystelling beperk tot R10,000. In die geval van natuurlike persone geld die vrystelling vir elke gade. Die boer én sy vrou kan dus R30,000 of bates ter waarde van R30,000 per jaar aan hulle erfopvolgers skenk sonder om skenkingsbelasting te betaal.

### **Slotsom**

Verskeie vorme van belasting is by erfopvolging ter sprake. Die boer moet sy uiteindelijke erfopvolgingsplan teen al hierdie belastingvorme toets. Die belastingimplikasie sal 'n wesentlike invloed op die formulering van die finale erfopvolgingsplan hê.

---

**BETHLEHEM**  
**Maart 2004**